



BORAN GENOOTSKAP

ADMINISTRATIEWE HANDLEIDING VIR STOETTELING

Saamgestel deur Christine Van Der Merwe

Hersien Oktober 2026

INHOUDSOPGAWE

	BORAN GENOOTSKAP	Bladsy nommer
1.	DOEL VAN 'N GENOOTSKAP	5
1.1	Boran Raad	5
2.	DOEL VAN SA STAMBOEK	5
3.	DIREKTE HANDELING	5
4.	FAKTURE VANAF GENOOTSKAP EN SA STAMBOEK	5-6
5.	JAARLIKSE FOOISTRUKTUUR VAN DIE GENOOTSKAP	6-7
6.	REGISTRASIE VAN 'N SESSIE	7
7.	REGISTREER AS TELER OP LOGIX	7
8.	BESKRYWING VAN KUDDEBOEK	7
8.1	Hulpstamboek Afdeling	7
8.1.1	Hulpstamboek A	7-8
8.1.2	Hulpstamboek B	8
8.1.3	Hulpstamboek C	8
8.1.4	Volgeregistreerde Afdeling / SP	8
8.1.5	Afgradering van vroulike SP diere na F1/A status	8
8.1.6	Opteling geskied as volg	8
9.	KUDDEKENMERK (BRANDMERK/KKM)	9-10
9.1	ALTERNATIEWE MANIER VAN KUDDEKENMERK WAT OOK AANVAAR WORD - IDENTIFIKASIE	10
9.2	Algemene vereistes	10
10.	DOEL VAN DIE "DIAMANT" BRANDMERK OP DIE SKOF VAN DIE SP DIERE	10
11.	VERPLIGTE DNS	10
12.	GEBOORTEKENNISGEWINGS	10-11
12.1	Natuurlike Dekkings – Vaar en moer in besit van teler	11
12.2	Natuurlike Dekkings – Vaar nie in besit (Leen bul)	11
12.2.1	Leenbul	11
12.2.2	Dragtige moere wat verkoop/gekoop word of kalwer wat saam met moer verkoop/gekoop word	11-12
12.3	Kunsmatige Inseminering (KI)	12
12.3.1	Ander belangrike aspekte	12
12.4	AANMELDING VAN EMBRIO KALWERS / IN VITRO OORPLASINGS	12
12.4.1	Geboortekennisgewing : Embrio-oorplasings (In Vitro/In Vivo)	12-13
12.5	EMBRIO : KONVENSIONEEL OF IVF SPOELINGS	13
12.5.1	Konvensionele Embrio-spoeling	13
12.5.2	IVF (In Vitro Fertilisasie)	14
12.6	Geboortekennisgewing : Nie vir Registrasie	14
12.7	FOUTELYS	14
	Verstaan die foutelys	14-15
13.	REGISTRASIE VAN KI-BULLE	15
	Ander belangrike aspekte	15
14.	REGISTRASIE VAN OVA SKENKERS	16
15.	DRAKTIGHEIDS- EN INTERKLAFPERIODES (TKP)	16
16.	2014-Reël	16
17.	INSPEKSIES / KEURINGS	16-17
	Lys van Senior Keurders van die Genootskap	17
17.1	Afgekeurde Diere	17
17.2	Keurings : Fase C & D : Plaasgroeitoetse	17-18

18.	OORDRAGTE	18
19.	KOMMERSIËLE OORDRAGTE NA NIE-LEDE	18
20.	KOMMERSIËLE TELERS WAT GEREISTREERDE TELERS WORD	18-19
21.	KANSELLASIE EN HERINSTELLING VAN DIERE	19
22.	OUTOMATIESE KANSELLASIES VAN VROULIKE DIERE	19
23.	GESAMENTLIKE BESIT VAN BULLE	19
24.	VERVOER VAN DIERE NA KOPERS, VEILINGS, ENS.	19
25.	VEILINGS	19-20
	Veilings onder beskerming van die Genootskap	20
26.	DIERINLIGTING	20-21
27.	PER KAPITALYS	21
28.	KRAALLYS	21
29.	OUERSKAPVERIFIKASIE – SA STAMBOEK	21-22
30.	PROSEDURES VIR DIE DNS VAN DIERE : BEVESTIGING VAN VADERSKAP EN MOEDERSKAP EN/OF BEIDE	22-23
31.	BELANGRIKE REËLS, RAADSVESLUTE EN MOSIES GEIMPLEMENTEER	23
31.1	AJV : 14 JULIE 2023 – MOSIE GOEDGEKEUR	23
31.1.1	SWART EN BRINDEL-KLEURIGE BORANE	23
31.2	BORAN NUUSBRIEF 2022	23
31.2.1	BULLE GEBORE VOOR 31 DESEMBER 2006 – MAG GEREISTREER WORD AS KI-BULLE DEUR DIE GENOOTSKAP	23
31.2.2	HERINSTELLING VAN GEKANSELLEERDE VROULIKE DIERE VIR LANGER AS VYF(5) JAAR	23
31.2.3	RESERVERING VAN U VEILINGSDATUM ONDER BESKERMING VAN DIE GENOOTSKAP	23
31.2.4	KRALE VIR DIERE BY DIE NASIONALE VEILINGS	23
31.3	BORAN NUUSBRIEF 2024	24
31.3.1	BYWOON VAN VEILINGS DEUR CHRISTOPHER HAVENGA	24
31.3.2	VEILINGSKATALOGUS	24
31.3.3	VERSPREIDING VAN KATALOGUSSE EN BEMARKING VAN VEILINGS	24
31.3.4	FINANSIËLE HULP AAN KLUBS, INLIGTINGSDAE EN BOEREDAE	24
31.3.5	VERTOON VAN BORANE OP SKOUER	25
31.3.6	KOMMERSIËLE VERKOPE EN DEREGISTRASIE VAN HIERDIE DIERE	25
31.3.7	PERMANENTE DEREGISTRASIE VAN DIERE SONDER DIE OPSIE VAN HERINSTELLING	25

DOKUMENTE AANGEHEG

KONSTITUSIE / GRONDWET EN VERORDENINGE
MINIMUM RAS- EN PRODUKSIE STANDAARDE
Hulpstamboek A (F1) : Eerste Aanvaardingsvorm
Natuurlike Dekkings :
Geboortekennigingsvorm
Leen-bul : Skrywe vanaf eienaar van bul
Registrasie van KI-bul of OVA skenker by Registrateur van Veeverbetering en Genootskap
Konvensioneel of IVF Spoelings : Vorm wat deur geregistreerde toetsstasie voltooi moet word
Inspeksies (Keurings) : Voorbeeld van Inspeksielys
Bewys van registrasie as Boran-teler (sertifikaat) met relevante inligting vir die vervoer van diere

Boran Veilingsreëls vir deelname aan veilings onder beskerming van die Genootskap
Boran Veilingsreëls vir deelname aan die Nasionale Veilings onder beskerming van die Genootskap
Ouerskapverifikasie deur SA Stamboek. Skrywe aan teler
Inspeksies : SA Stamboek : Fase C en D toetse

(LET WEL : Hierdie is slegs 'n kort opsomming van die belangrikste aspekte waarvan nuwe telers moet kennis neem. U word steeds gemaan om die Grondwet, Verordeninge en die Handleiding vir Stoettelers noukeurig deur te gaan.)

1. DOEL VAN 'N GENOOTSKAP

Die Genootskap is heel moontlik een van die belangrikste organisasies vir die stoetteler.

'n Telersgenootskap kan omskryf word as 'n organisasie van telers van 'n spesifieke ras wat die belange van daardie ras op die hart dra en dit op so 'n wyse bestuur dat die kenmerke van daardie diere die maksimum voordeel teweeg sal bring vir die telers en eienaars.

1.1 Boran-raad

Die Boran-raad bestaan uit ses (6) verkose telers wat die belange van die lede beskerm en die ras bevorder.

Telers van die Genootskap word as kandidate genomineer en tydens die Boran-jaarvergadering, deur middel van 'n stemming as raadslede verkies. Raadslede dien vir 'n termyn van twee jaar, op 'n oorvleuelende grondslag.

Gerrit Potgieter – President
Gideon Botha – Visepresident
Pieter Genis
Johan Henning
Hendy-Hein Mathews
Quentin De Bruyn

2. DOEL VAN SA STAMBOEK

SA Stamboek se missie is om genetiese verbetering van diere in SA te bevorder. Hul visie is om voortreflike plaasdiere te ontwikkel en te vestig in die bedryf. Die doelwitte met betrekking tot hul missie en visie word bereik deur die registrasie en aantekening van geboorte- en eienaarskapinligting van suiwergeteelde diere.

3. DIREKTE HANDELING

Die Boran Genootskap het 'n formele ooreenkoms met SA Stamboek wat telers magtig om direk met SA Stamboek te handel. Dit sluit in algemene navrae rakende registrasies van diere, oordragte, herinstellings, foutelyste, ens. SA Stamboek sal direk met die teler bevestig indien bogenoemde afgehandel is.

Hierdie proses is geïmplimenteer om foute uit te skakel en om die prosessering van data vanaf die teler na SA Stamboek te bespoedig.

Die direkte handelingsfooi dek papier, koeverte, posgelde, telefoonkoste en die tyd wat spandeer word op hierdie opdragte ontvang.

4. FAKTURE VANAF GENOOTSKAP EN SA STAMBOEK

Neem kennis dat beide die Genootskap en SA Stamboek fakture en state uitstuur. Hierdie fakture moet vereffen word en is nie 'n duplisering nie.

Bogenoemde instansies het hul eie rekenings by verskillende banke. Gebruik altyd die lidnommer as verwysing.

5. JAARLIKSE FOOISTRUKTUUR VAN DIE GENOOTSAP

Die Finansiële Jaar van die Genootskap strek van 01 Julie tot 30 Junie elke jaar.

Die fooi van Lidmaatskap en Per Kapitafooie (wat jaarliks betaalbaar is) word aan die einde van Julie uitgestuur. Die rede hiervoor is dat verhogings in fooie eers op die Algemene Jaarvergadering wat tydens Julie gehou word, deur lede goedgekeur moet word.

Wat wel belangrik is, is die volgende:

- Lidmaatskapsgeelde per jaar is **vooruit** betaalbaar. Byvoorbeeld : 01 Julie 2024 tot 30 Junie 2025.
- Per Kapitafooie per jaar, word **terugwerkend** gefooi. Byvoorbeeld : 30 Junie 2024 terugwerkend tot 01 Julie 2023. **Dit is dus baie belangrik om te verseker dat wanneer SA Stamboek die Per Kapitalyste aan u as teler uitstuur, om na te gaan en te verseker dat daar nie diere op u lys is wat moontlik verkoop, dood, ens. is nie. Indien u nie hierdie lys noukeurig nagaan nie, sal u deur Stamboek en die Genootskap gefooi word vir elke dier op die lys.**
- **Geen krediete sal toegestaan word indien u nagelaat het om die nodige regstellings deur te gee nie.**

BORAN GENOOTSAP

FOOIESTRUKTUUR

01 Julie 2026 tot 30 Junie 2027

Aansluiting as teler by Genootskap:

Intreefooi	R405.30
Jaarlikse Lidmaatskap	R2 986.30
Handleiding vir Stoettelers	R130.00
Sub Totaal	R3 521.60
15% BTW	R528.24
TOTAAL	R4 049.84

Jaarlikse Lidmaatskapsgeelde en Per Kapitafooie van Genootskap:

Jaarlikse Lidmaatskap	R2 986.30 (Vooruitbetaalbaar) 01 Julie 2026 – 30 Junie 2027
Per Kapitafooie	(Terugwerkend betaalbaar – 01 Julie 2026 – 30 Junie 2027)
C en SP	R72.00 per dier
A en B	R50.00 per dier
“Pending”	R72.00 per dier

Ander fooie wat gehef kan word:
(BTW uitgesluit)

Herinstellingsfooie	R500 per bul indien langer as 5 jaar gekanselleer
Oordragsfooie	R100 per dier, per oordrag (manlike en vroulik)

Laatgeboortefoioe

R100 per dier, per geboortekennigewing (manlike en vroulik)

6. AANSOEK OM 'N SESSIE-REGISTRASIE

Daar kan verskeie redes wees hoekom 'n teler besluit om aansoek te doen vir 'n sessie.

- Afsterwe van huidige stoetteler en die "oorneem" van daardie stoet deur 'n ander party. Die regs-entiteit van die aanvanklike aansoek verander.
- Verandering van die regs-entiteit : byvoorbeeld alleen eienaar na vennootskap, maatskappy, ensovoorts.
- Naamsverandering van die geregistreerde stoet.
- Verandering van voorvoegsel of KKM.

Let daarop dat 'n Sessie gedoen word wanneer die eienaarskap verander, of die voorvoegsel, of die KKM. Dit is kortliks wanneer sekere aspekte van die vorige stoet deur die huidige eienaar of nuwe eienaar verander of oorgeneem word en bogenoemde verander. Die Sessie gee toestemming deur die huidige eienaar 'n verandering aanbring of dat die volgende eienaar eienaarskap neem van die bogenoemde.

Daar is kostes verbonde aan 'n Sessie.

'n Nuwe aansoekvorm om lidmaatskap moet ook voltooi word.

DIE LIDMAATSKAP NOMMER SAL VERANDER.

7. REGISTREER AS TELER OP LOGIX

Elke geregistreerde teler sal toegang to Logix hê om geboortes aan te meld, ensovoorts.

Nadag u lidmaatskap geregistreer is, kan u op Logix registreer as 'n Logix gebruiker. U kan ook vir Philna Moelich kontak om u toegang te gee as Logix gebruiker.

(philna@studbook.co.za) of 051 410 0910.

8. BESKRYWING VAN KUDDEBOEK

'n Kuddeboek is 'n register waarin al die besonderhede van diere van 'n ras aangeteken word en bestaan uit :

8.1 Hulpstamboek Afdeling

8.1.1 Hulpstamboek A

- Enige vroulike dier waarvan bewys van oorsprong gelewer kan word en wat die eienskappe van 'n Boran vertoon en voldoen aan die vereistes van die Genootskap en goedgekeur deur 'n Senior Inspekteur mag in Hulpstamboek A opgeneem word.
- Hulpstamboek A vroulike diere se vaar moet 'n geregistreerde SP bul wees. Vaderskap hoef nie deur DNS bevestig te word nie.
- Die vaar moet in besit wees van die eienaar wat die Hulpstamboek A dier registreer.
- Slegs volgeregistreerde (SP bulle), mag gebruik word om Hulpstamboek A vroulike diere te teël.
- Slegs vroulike diere kan in Hulpstamboek A geregistreer word.
- Vroulike nageslag AS Hulpstamboek A mag geregistreer word sonder vaderskap DNA bevestiging.

LET WEL: Hulpstamboek A vroulike diere moet deur 'n Senior Keurder visueel gekeur word. Die keurder sal 'n EERSTE AANVAARDINGSDIERE-VORM voltooi en teken om te sertifiseer dat

die diere aangeteken mag word. Sou hierdie vroulike dier kalf, sal 'n normale geboorte kennisgewing vir die kalf ingedien word deur die teler.

Die diere wat gekeur is as Hulpstamboek A, sal die brandmerk van die huidige eienaar kry en daardie KKM sal genoteer word.

Sien voorbeeld van Eerste Aanvaardingsdiere-vorm onder Dokumente.

8.1.2 Hulpstamboek B

- Die vroulike nageslag van Hulpstamboek A vroulike diere en volgeregistreerde (SP) bulle sal vir registrasie in die Hulpstamboek B afdeling in aanmerking kom.
- Slegs vroulike diere kan in Hulpstamboek B geregistreer word.

8.1.3 Hulpstamboek C

- Slegs die vroulike nageslag van Hulpstamboek B - vroulike diere sal in Hulpstamboek C aangeteken word. Die registrasie van Hulpstamboek C-bulle is aan die einde van 2015 gestaak. Alle Hulpstamboek C-bulle sal ook dienooreenkomstig op die stelsel gederegistreer word. (Die rede hiervoor is weens 'n groot getal SP-bulle in die bedryf.)
- Let daarop dat die geboortes wel nog aangeteken sal word om die moer se TKP korrek te reflekteer. (Dit word op die geboortekennisgewing aangeteken as "NVR" – Nie Vir Registrasie)

Die gebruik van veelvuldige vaars in alle afdelings van die kuddeboek is aanvaarbaar, mits die vaderskap van die nageslag deur middel van DNS toetse bevestig word.

8.1.4 Volgeregistreerde Afdeling / SP

- Nageslag van Hulpstamboek C vroulike diere en volgeregistreerde (SP) bulle sal vir hierdie afdeling in aanmerking kom.
- Volgeregistreerde bulle wat by inspeksie afgekeur word, sal nie afgegradeer word na Hulpstamboek C nie, maar moet verkieslik geslag word of as kommersiële dier gebruik word.
- DNS van SP bulle as vaars van alle volgeregistreerde (SP) en Hulpstamboek diere moet voorsien word.

8.1.5 Afgradering van vroulike SP diere na F1/A status:

Indien vroulike SP diere (wat hul OEK (ouderdom eerste kalf) of TKP (tussenkalf periode) oorskry, afgegradeer word na F1/A-diere, moet hierdie diere deur 'n keurder gekeur word as Eerste Aanvaardingsdiere. Hierdie vroulike diere moet kalf binne 730 dae vanaf die inspeksiedatum.

Let ook op dat hierdie afgegradeerde F1-A-diere 'n nuwe brandmerk en nommer moet kry.

ALLE FI/A-DIERE MOET GEBRANDMERK WEES MET DIE HUIDIGE EIENAAR SE KKM.

8.1.6 OPTELING GESKIED AS VOLG:

VROULIKE DIERE	BULLE (SLEGS BORAN SP-BULLE)	RESULTAAT
Kommersiëel	SP-Bul	Hulpstamboek A (F1) slegs vroulike diere
Hulpstamboek A (F1)	SP-Bul	Hulpstamboek B (F2) slegs vroulike diere
Hulpstamboek B (F2)	SP-Bul	Hulpstamboek C (F3) slegs vroulike diere
Hulpstamboek C (F3)	SP-Bul	SP-Boran

ALLE BOGENOEMDE DIERE MOET KEURING SLAAG!

9. KUDDEKENMERK (BRANDMERK)



- Kuddekenmerk mag nie meer as vier spasies of karakters beslaan nie en moet uit letters van die Alfabet bestaan. (A – Z) Geen letter mag verander word nie. (Bv. Spieëlbeeld, op sy, ens.)
- Alle lewendie diere waarvan die geboortes aangemeld is en wat vir keuring aangebied word, moet permanent geïdentifiseer wees met die kuddekenmerk, verkorte jaartal en volgnummer.
- Die jaarsyfer sal bestaan uit die laaste twee syfers van die jaar waarin die dier gebore is.
- Die volgnummer mag nie vier karakters oorskry nie.

MC - Kuddekenmerk
 12 - Jaartal waarin dier gebore is bv. 2012
 0023 - Volgnummer van geboorte van dier.

Voorbeeld :

MC 12-0023 – Dus, die 23^{ste} kalf wat in 2012 gebore was.

MC 12-0002 – Tweede kalf wat in 2012 gebore is, ens.

9.1 Alternatiewe manier van brandmerk wat ook aanvaar word

- Bogenoemde reëls word hier ook toegepas, maar die jaarnommer en volgnummers word omgeruil.

MC - Kuddekenmerk
 0023 - Volgnummer van geboorte van dier
 12 - Jaartal waarin dier gebore is bv. 2012

Voorbeeld:

MC 23-12 – dus, die kalf is gebore in 2012 en was die 23ste kalf wat gebore was.

9.2 ALGEMENE VEREISTES:

- Kalwers 8 maande en ouer moet gebrand wees. Kalwers mag nie later as 12 maande na geboorte gebrand word nie.
- Indien kalwers te jonk is om gebrand te word, moet die dier met 'n oorplaatjie gemerk word.
- Indien 'n teler 'n fout maak met die brandmerk, moet die Genootskap skriftelik in kennis gestel word. Die teler mag onder geen omstandighede die brandmerk regmaak en verander nie. Die Raad sal 'n keurder uitstuur om tesame met die teler, die nodige restelling te doen. (Neem ook kennis dat geen ander brandmerk op die dier aangebring mag word nie. So 'n dier sal onmiddellik gekanselleer word.)
- **LET WEL : Die brandmerk van die eienaar waar die kalf gebore word, daardie teler se brandmerk (KKM) sal op die bees gebrand word. Dit sal ook dan die teler se verantwoordelikheid wees om die geboorte aan te meld.**
- **Die KKM wat toegeken is, mag onder geen omstandighede verander word deur byvoorbeeld 'n sirkel of blok, ens. by te voeg nie. Senior Inspekteurs sal die diere afkeur met plaas inspeksies of uit-“screen” op veilings. Owerhede soos die SAPS, ens. mag ook die diere konviskeer omdat die KKM nie ooreenstem met die KKM wat geregistreer is nie.**

10. DOEL VAN DIE “DIAMANT BRANDMERK” OP DIE SKOF VAN SP DIERE

- Nadat die SP diere gekeur en keuring geslaag het, sal die “diamant brandmerk” op die skof van die SP dier gebrand word. Hierdie brandmerk bevestig dat die dier 'n vol geregistreerde SP dier is.
- Die brandmerk word aan dieselfde kant gebrand as die dier se stoetbrandmerk.
- **Indien die “diamant brandmerk” aangebring word op enige dier wat nie inspeksie geslaag het nie, mag daardie teler geskors word.**
- **Alle diere wat aangebied word op veilings onder beskerming van die Genootskap, moet met die “diamant brandmerk” gebrand wees.**

11. VERPLIGTE DNS

'n Raadsbesluit geneem op 20 Junie 2012 (implementeringsdatum : 1 Januarie 2013), verplig alle telers om vaderskapbevestiging deur middel van DNS te doen op alle kalwers. Dit word egter aanbeveel om ouerskapbevestiging te doen.

Uitsonderings op bogenoemde:

- Oorplasing van embryos moet beide vaar en moer se DNS bevestig word.
- Wanneer diere ingeskryf word op die Nasionale Veiling, moet DNS op beide die vaar en moer gedoen word.

12. GEBOORTEKENNISGEWINGS

ALLE GEBRUIKERSVAARS MOET DEUR MIDDEL VAN DNS BEVESTIG WORD. DAAR WORD AANBEVEEL DAT DIE MOEDERSKAP OOK DEUR DNS BEVESTIG WORD.

GEEN VAAR MAG IN DIE KUDDE GEBRUIK WORD INDIEN DAARDIE VAAR NIE KEURING GESLAAG HET NIE. DUS, SLEGS VOL GEREJISTREERDE SP BULLE MAG AS KUDDEVAARS GEBRUIK WORD.

12.1 Natuurlike Dekkings

(Biede vaar en moer is in besit van die teler wat geboortes aanmeld)

Sien voorbeeld van geboortekennisgewing onder Dokumente.

- Geboortekennisgewings kan deur middel van Logix of die geboortekennisgewingblad so volledig moontlik voltooi word en deurgestuur word na Suzette Venter : suzette@studbook.co.za. (Sien voorbeeld van Geboortekennisgewingblad – bladsy : 10)
- Indien 'n normale dekking plaasgevind het, moet die kalf wat gebore is, se geboortekennisgewing binne 90 dae/3 maande gedoen word. Indien die geboorte later as 3 maande aangemeld word, sal die teler 'n boete betaal vir laat registrasie. (R100 plus BTW per laat geboorte)
- Alle geboortes, hetsy lewendig of dood gebore, moet aangemeld word. Dit sluit ook aborsies in, maar word die aborsie slegs aanvaar na sewe (7) maande dragtigheid. Hierdie aborsie sal in berekening gebring word vir die TKP (tussen kalf periode) van die moer.
- In die geval van 'n dier wat *in utero* ingevoer is, moet die geboortekennisgewing vergesel wees van 'n sertifikaat wat behoorlik geteken is deur 'n bevoegde liggaam in die land van herkoms en waarop aangedui word:
 - die identifikasie van die vaar, soos op die dokumente aangedui, korrek is; en
 - die vaar aan die produksie- en ander vereistes voldoen soos deur die Raad bepaal mag word.
- **LET WEL : Die eienaar in wie se besit die moer is ten tye van die geboorte, sal die geboorte aanmeld. Die dier sal dan die persoon wat die aanmelding gedoen het, se KKM gebrand word.**
- **Sou die moer verkoop word met die kalf en die kalf is te jonk om gebrand te word, sal die nuwe eienaar die vorige eienaar se brandmerk op die kalf moet aanbring.**

12.2 Natuurlike Dekkings

(Die vaar is nie in besit van teler wat geboortes aanmeld nie)

Sien voorbeeld van Leenbrief onder Dokumente

12.2.1 Leen-bul :

Wanneer een teler aan 'n ander teler 'n bul leen om die koeie te dek, moet die teler wat die geboortekennisgewing aanmeld ook aan SA Stamboek 'n skrywe voorsien waarin die eienaar van die bul bevestig dat hy die bul uitgeleen het. Die skrywe moet die volgende inligting bevat:

- Eienaar van bul se besonderhede
- Bul se besonderhede
- Besonderhede van die Teler aan wie die bul geleen is
- Die tydperk wat die bul aan die teler geleen was.

12.2.2 Dragtige moere wat gekoop word of kalwer(s) wat saam met moer gekoop is :

Indien die kalf te jonk is om gebrand te word, moet die volgende in gedagte gehou word:

- Die reël wat toegepas word staaf dat die eienaar van die moer waar die kalf gebore word, die geboorte moet aanmeld.
- Bogenoemde eienaar se brandmerk sal dus op die kalf gebrand word.
- Dit gebeur egter dat die moer en die kalf wat te jonk is om te brand aan 'n koper verkoop word. Let op : DIE KALF MOET STEEDS DIE KKM VAN DIE VERKOPER GEBRAND WORD. (SA Stamboek sal onder geen omstandighede die KKM van enige dier verander indien die geboortekennisgewing reeds aangemeld is nie)

- Neem ook kennis dat die koper nie die geboorte kan aanmeld namens die verkoper nie.

12.3 Kunsmatige Inseminering (KI)

- Geboortekennisgewings kan deur middel van Logix of die geboortekennisgewingblad aangemeld word en moet so volledig moontlik voltooi word en deurgestuur word na Suzette Venter : suzette@studbook.co.za. Sien voorbeeld van Geboortekennisgewingblad – bladsy : 10)
- Indien kunsmatige inseminering plaasgevind het, moet die kalf wat gebore is, binne 90 dae/3 maande geregistreer word. Indien dit nie gedoen word nie, sal die teler 'n boete betaal vir laat registrasie.
- Alle geboortes, hetsy lewendig of dood gebore, moet aangemeld word. Dit sluit ook aborsies in, maar word die aborsie slegs as 'n geboorte gereken na sewe (7) maande dragtigheid. Hierdie aborsie sal in berekening gebring word vir die TKP(tussen kalf periode) van die moer.
- Ouerskapverifikasie moet bevestig word deur DNS.

12.3.1 Ander belangrike aspekte:

- Die ourskap van die KI bul moet geverifieer word deur DNS.
- Individuele telers mag onbeperkte semen vir eie gebruik tap en gebruik en is dit nie nodig vir die bul om as 'n KI bul geregistreer te word nie.
- Wanneer 'n bul, waarvan semen getap is, verkoop word, moet die eienaar die koper skriftelik in kennis stel van die aantal strooitjies wat hy vir eie gebruik gaan hou.
- **LET WEL : Geen semen wat deur die eienaar van die bul getap is vir eie gebruik, mag aan 'n ander persoon geskenk, verkoop, ens. word nie. Kalwers se geboortes sal nie opgeneem word nie.**
- **Die bul MOET geregistreer wees as 'n KI-bul by die Registrateur en genoteer op Logix. Slegs dan mag semen verkoop, geskenk, ens. word. (Sien prosedures en vereistes vir die registrasie van 'n KI bul.)**

12.4 AANMELDING VAN EMBRIO KALWERS / IN VITRO OORPLANTINGS

- Ouerskapverifikasie deur middel van DNS is verpligtend.
- 'n Veearts of embryo-oorplaser moet die vorm "Konvensioneel of IVF (in Vitro Vertilisasie) voltooi word. Hierdie vorm moet tesame met die geboortekennisgewing aan Stamboek voorsien word.
- Die moeder moet op die stelsel aangetoon word as 'n embryo skenker. **(Sien prosedures en vereistes vir die registrasie van 'n OVA skenker.)**

12.4.1 Geboortekennisgewings : Embrio-Oorplantings (*In Vitro/In Vivo*)

- Die Geboortekennisgewingblad moet so volledig moontlik voltooi word en deurgestuur word na Suzette Venter : suzette@studbook.co.za. (Sien voorbeeld van Geboortekennisgewingblad – bladsy : 10)
- Die vaar en moer van die kalf moet ouer wees as agt (8) maande tydens dekking.
- Indien kunsmatige inseminering plaasgevind het, moet die kalf wat gebore is, binne 180 dae/6 maande geregistreer word. Indien dit nie gedoen word nie, sal die teler 'n boete betaal vir laat registrasie.
- Die volgende sal aan die Genootskap voorsien word:

- Die amptelike DNS-laboratoriumnommers van die semen en embryo -skenkers betrokke; en

- die “Konvensioneel of IVF vorm wat deur ‘n veearts of embrio-oorplaser, of in die geval van binne-kudde embrio-oorplasing die eienaar onderteken is, te dien effekte dat die bepalings van die Wet nagekom is;
- in die geval van ‘n dier wat ontstaan het uit ‘n ingevoerde embrio, moet ‘n sertifikaat deur ‘n erkende bron, goedgekeur deur die Genootskap en die Vereniging, uitgereik word, waarin die besonderhede van die embrio en semen skenkers duidelik aangedui is, en
- die 3 Generasie Stamboom van beide die semen- en embrio-skenkers betrokke
- bewyse dat beide semen- en embrio-skenkers, aan die minimum produksie standaard en standaard van voortreflikheid voldoen, asook deur keuring aan die vereistes voldoen soos deur die Raad bepaal mag word.
- Indien die registrasie van ‘n embrio kalf aangemeld word en daar is van veelvuldige vaars gebruik, kan dit so ingevul word tot DNA bewys is.

In die geval van ‘n dier wat uit ‘n eisel-oorplasing ontstaan het en *in utero* ingevoer is, moet die volgende bewyse en dokumentasie, onderteken deur ‘n bevoegde liggaam in die land van herkoms, by die Genootskap en SA Stamboek ingedien word binne 30 dae na die aankoms van die ontvanger koei in Suid-Afrika :

- bewys van die dekking of inseminasie en spoeling van die embrioskenker;
- bewys van die oordrag en die oordragdatum na die betrokke ontvangerkoei;
- drie generasie stamboom van beide skenkers;
- DNS-profiel van beide skenkers; en
- bewys dat albei skenkers voldoen aan die minimum produksie standaard, asook deur keuring aan die vereistes voldoen soos deur die Raad bepaal mag word;
- Ouerskap sal in elke geval deur DNS bevestig word tensy anders deur die Genootskap bepaal.

12.5 KONVENSIONEEL OF IVF SPOELINGS

Skedule O-vorms word nie meer gebruik nie. ONTHOU : wanneer embriospoeling by diere uitgevoer word, moet die embrios op die Logix-stelsel aangeteken word voordat geboortes aangemeld kan word. Vir maklike spoeling-administrasie, gebruik asseblief die Konvensioneel of IVF Spoelingsvorm wat deur EmbryoPlus, of enige ander laboratorium wat deur u gebruik word vir Embrio-spoeling of IVF, voltooi moet word. Dit is uiters belangrik om aan te dui watter metode gebruik is, sodat SA Stamboek die kata korrek op Logix kan aanteken.

Belangrik : Konvensionele embriospoeling versteur die koei se natuurlike reprodutiewe siklus, wat haar Tussen-Kalfperiode (TKP) beïnvloed. As gevolg daarvan word die spesifieke TKP nie in ag geneem wanneer teelwaardes bereken word nie.

IVF beïnvloed nie die TKP nie. Dus, kan die teler kies om die TKP in te sluit of uit te sluit wanneer teelwaardes bereken word. Indien die TKP ingesluit word, sal die TKP in ag geneem word wanneer teelwaardes bereken word. Indien die TKP uitgesluit word, sal die spoeling as konvensioneel hanteer word.

Konvensionele Embrio-spoeling en IVF (In Vitro Fertilisasie) is twee verskillende metodes wat in die teel van diere gebruik word om embrios te versamel en hanteer.

12.5.1 Konvensionele Embrio-spoeling

Konvensionele Embrio-spoeling behels die spoeling van die voorplantingstelsel van ‘n vroulike dier om embrios te versamel wat reeds bevrug is en in ‘n vroeë stadium van ontwikkeling is.

Hierdie proses vind gewoonlik 6-8 dae na dekking van die bul plaas, wanneer die embrios nog in die eierleier of baarmoeder is. Die embrios word dan versamel en oorgedra na ‘n ontvangerkoei.

12.5.2 IVF (In Vitro Fertilisasie)

Aan die ander kant, behels IVF die bevrugting van oosiete buite die dier se liggaam. Oosiete word van die vroulike dier versamel, met sperm in 'n laboratoriumbakkie bevrug, en dan vir 'n paar dae gekweek om die embrios te laat ontwikkel. Die gekweekte embrios kan dan na 'n ontvanger-koei oorgedra word of vir toekomstige gebruik gevries word.

12.6 GEBOORTEKENNISGEWINGS : Nie Vir Registrasie

Hierdie opsie word gebruik wanneer 'n ongewensde bul byvoorbeeld "draad spring" en 'n koei dragtig maak. Die geboorte word aangemeld, maar word aangedui dat die kalf nie geregistreer word nie, maar wel in ag geneem word vir die moeder se TKP.

Daar kan wel steeds prestasietoetsing op hierdie kalf gedoen word.

12.7 FOUTELYS

VERSTAAN DIE FOUTELYS

FOUTELYS BOODSKAP /	BETEKENIS
Dier is "pending" en inspeksie kan nie gelaai word nie.	Dier is "pending" vir DNA uitslae van die vaar Moer of vaar nie geïnspekteer nie Vaar nie geïdentifiseer nie – ingedien as veelvuldige vaars Gekanselleer as verkoop, ens.
Dier identifikasie bestaan nie / ongeldig	Die moeder of vaar se ID nommer is verkeerd
Voltooi enige een van die moeder of vaar se rekenaar nommer	Geboortekennisgewing is ingedien, maar ontbreek die moeder of vaar se identifikasie nommer
Die interkalwingsperiode is te klein (TKP)	Die aantal dae vanaf die vorige kalf tot en met die huidige kalf is nie korrek nie : moet wees 271 dae
Die interkalwingsperiode is te groot	Die aantal dae vanaf die vorige kalf tot en met die huidige kalf is nie korrek nie : moet wees 730 dae
Moer is "pending" – geboorte nie toegelaat	Die moeder is nie geïnspekteer nie Vaar se DNA uitstaande Ouerskap nie geverifieer nie Veelvuldige vaars
Moer het alreeds 'n kalf met ID nommer	Maak seker dat die ID nommer van die kalf korrek ingedien is en of dit moontlik 'n tweeling was. Was die geboorte moontlik 'n tweeling
Vaar nie in besit ten tyde van dekking	Wanneer u gebruik maak van 'n ander teler se vaar om die moeder te dek, moet die eienaar van die vaar 'n geskrewe brief (dekkingsertifikaat) aan Stamboek voorsien wat die datums bevestig ten tyde wat die vaar aan die eienaar van die moeder geleen was. Vaar nie geregistreer as 'n KI bul nie.
Moer behoort nie aan teler ten tyde van geboorte nie	Die moeder is moontlik nie oorgedra aan die nuwe eienaar nie.
Moer te oud met eerste kalf	Moer moet haar eerste kalf hê binne 42 maande
PEN PNI	"Pending": Ouers nie geïnspekteer
PEN	Hangende registrasie
SBI	Die vaar se DNS/Lidcat nommer is nog uitstaande

MS	Veelvuldige vaars is gebruik en die vaar moet nog deur DNS bewys word.
SRV	Dekking uitstaande
PNV	Ouerskap van embrio nog nie bevestig
PNI	Een of beide ouers is nog nie geïnspekteer/goedgekeur nie
PES	Ouerskap fout (vaar)
PED	Ouerskap fout (moer)
PEB	Ouerskap fout (beide)

Let op die volgende :

Diere wat “pending” is, kan nie oorgedrag word nie!!

13. REGISTRASIE VAN KI-BULLE

Alvorens 'n bul oorweeg word as 'n KI bul, moet daar verseker word dat die bul aan die vereistes voldoen: (Sien voorbeeld)

- Die bul moet 'n koeiwaarde van 90 indeks of hoër hê.
- Die koeiwaarde akkuraatheid moet meer as 50% wees. (Hierdie inligting kan op Logix verkry word.) [Sien voorbeeld onder Dokumente.](#)
- Die bul moet Genomies getoets wees.
- Die Genomiese uitslae moet die bul skoon bevestig vir Pompiessiekte en Dubbelbespierung mutasie.
- Alle bulle wat vir KI gebruik word, moet deur die Genootskap en Registrateur goedgekeur word as 'n KI bul en sal die goedkeuring op die stelsel genoteer word.
- Aansoek om goedkeuring moet by die Genootskap gedoen word en twee Senior Keurders sal die betrokke bul visueel inspekteer om te verseker dat die bul geskik is vir KI doeleindes.
- Die bul moet by 'n goedgekeurde toetsstasie in kwarantyn geplaas word en moet spesifieke toetse slag.

Ander belangrike aspekte:

- Ouerskap van KI-bulle moet bevestig word deur middel van DNS.
- Individuele telers mag onbeperkte hoeveelheid semen van hul eie bulle opvang en hoef die bulle nie goedgekeur te word as KI-bulle nie.
- Indien die eienaar van die bul waarvan semen getap is, die bul sou verkoop, moet hy die koper skriftelik in kennis stel van die aantal strootjies wat hy terughou vir eie gebruik.
 - Bulle wat geregistreer word as KI-bulle, moet in 'n geregistreerde toetsstasie getap word.
 - Die toetsstasie sal na afloop van die proses, en indien hul die bul geskik vind, die nodige aansoekvorm om die bul te registreer na die Genootskap stuur vir ondertekening en finale goedkeuring.
 - Na voltooiing en goedkeuring van die bul deur die Genootskap, sal die toetsstasie die nodige dokumente aan die Registrateur stuur vir goedkeuring.
 - Die sertifikaat van goedkeuring deur die Registrateur sal dan aan die Genootskap en SA Stamboek gestuur word vir notering op die stelsel.

14. REGISTRASIE VAN OVA SKENKERS

- Die OVA skenker moet deur 'n geregistreerde toetsstasie getoets word en die Aansoek sal deur hul voltooi word vir registrasie by die Registrateur.
- Twee Senior Keurders van die Genootskap moet die dier visueel besigtig en sy moet keuring slaag as geskik vir OVA skenker.
- Die koei moet 'n koeiwaarde van 90 indeks en hoër aan voldoen.
- Die TKP van hierdie koei mag nie 500 dae oorskry nie.
- Ouerskap moet deur DNS bevestig word.

Jong verse as OVA skenkers - sonder 'n TKP

- Die direkte moeder van die spesifieke vers se TKP sal gebruik word as riglyn.
- Alle bogenoemde inligting met betrekking tot OVA skenkers sal van toepassing wees.

15. DRAGTIGHEIDS- EN INTERKALFPERIODES (TKP)

- Die standaard dragtigheidsperiode is 287 dae. 'n Minimum periode van 266 dae en 'n maksimum van 308 dae is moontlik.
- Die minimum toelaatbare periode tussen twee agtereenvolgende kalwers uit een koei, is 271 dae.
- Neem kennis dat wanneer 'n moeder haar TKP oorskry, sy nie op 'n veiling onder beskerming van die Genootskap verkoop mag word nie. Sy kan steeds vir voortplanting gebruik word en ook uit die hand verkoop word, maar die penalisasie sal steeds geld vir die nuwe eienaar. Die kalf word egter nie gepenaliseer nie.
- Die maksimum toelaatbare periode tussen twee agtereenvolgende kalwers uit een koei, sal nie 730 dae oorskry nie.

16. 2014-REËL

Vanaf 01 Januarie 2014, sal enige vroulike dier wat haar Ouderdom Eerste Kalwing – OEK - (voor 42 maande) en haar Tussen Kalf Periode – TKP - (een kalf binne 730 dae) oorskry, outomaties gekanselleer word op die Logix sisteem. Hierdie vroulike dier sal haar status as 'n stoetdier verbeur.

LET OP DIE VOLGENDE:

- Indien u moontlik nagelaat het om 'n geboorte aan te meld, moet u die geboorte onmiddellik aanmeld. Die moeder sal dan heringestel word en die geboorte sal opgeneem word. Beide hierdie aksies moet op dieselfde tydstip plaasvind. (Indien die dier heringestel word sonder die geboortebesonderhede, sal die sisteem haar weer outomaties deregistreer. **Inligting moet aan SA Stamboek deurgegee word en kan die wysigings NIE deur uself op Logix aangebring word nie.**)
- Onthou ook om aborsies en dooie kalwers aan te meld. Dit word onder die moeder se TKP genoteer en sodoende sal outomatiese deregistrasie nie plaasvind wees oorskryding nie.

17. INSPEKSIES / KEURINGS

- **LET WEL :** Indien u as teler 'n keuring verlang, stuur asseblief 'n epos aan die kantoor met 'n versoek om keuring. Indien u 'n dringende keuring verlang, moet dit baie duidelik in die epos vermeld word. (Stuur na marlene@boran.org.za of christine@boran.org.za)
- Elke teler kry een gratis inspeksie per jaar. (Let daarop dat 'n jaar begin op 1 Julie en eindig op 30 Junie van die volgende jaar.) Inspeksies word dienooreenkomstig beplan en telers sal vroegtydig van die inspeksie in kennis gestel word.

- Indien 'n teler 'n ekstra inspeksie verlang, sal dit teen heersende tariewe vir die teler se rekening wees.
- Alle diere wat vir keuring aangebied word, moet gebrandmerk wees, anders sal die keuring nie plaasvind nie.
- Dit word aanbeveel dat vroulike diere vanaf 15 maande gekeur word
- Dit word aanbeveel dat manlike diere vanaf 22 maande gekeur word.
- Voor 'n bepaalde keuring plaasvind, sal die Genootskap aan die teler 'n inspeksielys stuur van diere wat gekeur moet word.
- Die inspekteur mag voel dat die dier moet oorstaan tot die volgende keuring sodat die dier ten volle kan ontwikkel.
- **Indien daar uitstaande vereistes vir 'n spesifieke dier is (byvoorbeeld DNS, Veelvuldige Vaars, ensovoorts, kan die inspeksie NIE gelaai word alvorens die vereistes ingedien is nie.)**
- **Die inspekteur en teler moet elke bladsy van die inspeksielys onderteken en sonder versuim aan die Genootskap stuur.**

Lys van Senior Keurders van die Genootskap

SENIOR KEURDER	KONTAKNOMMER	KEURINGS-AREA
Francois Smit	083 2738 332	Noord-Wes
Gideon Botha	082 3867 724	Vrystaat / Noord-Kaap
Johan Henning	083 6550 185	Limpopo
Marthinus Botha	082 4870 060	Mpumalanga
Pieter Genis	082 8991 502	Kwazulu Natal
Mark Hansmeyer	083 5787 816	Kwazulu Natal
Johannes van Rensburg	076 3747 225	Oos-Kaap
Brandon Brooks	082 7831 971	Limpopo
Nico Alberts	072 9272 704	Limpopo
Wilhelm Allers	082 9253 313	Noord-Kaap / Noord-Wes
Danie Botha	082 4540 089	Vrystaat
MC Van Straaten	083 4071 485	Vrystaat
Zippo Lamprecht	082 3969 071	Vrystaat
Hendy-Hein Mathews	082 3068 524	Mpumalanga
Hans-Jurgens Du Toit	082 4156 505	Mpumalanga
Radie Loubser	084 6160 401	Wes-Kaap

17.1 Afgekeurde diere

- Wanneer 'n dier/e afgekeur word met keuring, sal die betrokke dier onmiddellik gekanselleer word.
- Indien die teler nie saamstem met die bevindings van die keurder nie, kan hy apel aanteken en versoek dat 'n ander keurder weer die dier sal keur. Appel moet egter binne 30 dae na keuring, skriftelik by die Genootskap ingedien word.
- Sou die dier keuring slaag, sal die kansellasië dienoreenkomstig verander word.
- **Diere wat afgekeur word met inspeksie, sal hul SP status verloor en sal hierdie diere kommersieel geag word.**
- **LET OP : AFGEKEURDE VROULIKE DIERE, SAL NIE AFGEGRADEER KAN WORD NA AANHANGSEL A-DIERE/FI-DIERE NIE.**

17.2 Keurings : Fase C & D : Plaasgroei-toetse

- Geliewe kennis te neem dat indien die diere na afloop van hierdie toetse die keurings slaag, dit nie op Logix aangeteken sal word nie. Bulletjies moet jonger as 425 dae wees

(ongeveer 14 maande). Die Genootskap beveel aan dat bulle tussen 24 en 36 maande gekeur word.

- Indien die dier egter afgekeur word, sal dit teen die dier genoteer word en die dier sal onmiddellik gekanselleer word.

[SA Stamboek : Plaasgroeitoetse : sien dokumente](#)

18. OORDRAGTE

- Diere wat aan 'n ander teler / persoon verkoop word, moet na daardie persoon se kudde of naam oorgedra word.
- Stamboek moet skriftelik in kennis gestel word deur die VERKOPER, van die oordrag. Inligting wat belangrik is om die oordrag te kan afhandel is as volg:
 - Die ID of rekenaarnommer van die dier wat oorgedra moet word.
 - Die teler se naam, van en lidnummer.
 - Indien dit 'n kommersiële boer of nie-lid is, verlang ons naam en van, posadres en selfoon nommer om 'n nie-lidnummer te kan skep en die oordrag te kan doen.
 - Datum waarop die dier verkoop is.
 - Oordragkoste beloop tans R100 (plus BTW) per oordrag. Die verkoper is verantwoordelik vir die betaling van die oordragkoste.
- Oordrag van 'n dragtige vroulike dier :

Die verkoper moet 'n sertifikaat voorsien wat aandui wat die naam, identifikasie en registrasienommer van die vaar van die kalf is, asook die dekkingsdatum, of die manlike dier met wie se semen die koei geïnsemineer is en die inseminasie datum.

- **LET WEL : ALLEENLIK DIE VERKOPER MAG TOESTEMMING GEE DAT 'N DIER OORGEDRA MAG WORD AAN 'N KOPER. GEEN OPDRAG SAL VAN DIE KOPER AANVAAR WORD NIE.**

19. KOMMERSIËLE OORDRAGTE NA NIE-LEDE

Dit kan gebeur dat nie-telers, SP diere aankoop wat deur die verkoper verkoop word as kommersiële diere. Die koper besluit dan met verloop van tyd om as teler aan te sluit by die Genootskap en versoek dan om die SP diere wat as kommersieel aangekoop het, weer her in te stel.

Wanneer SP diere as kommersieel verkoop word, is die volgende uiters belangrik:

- Die verkoper moet baie duidelik opdrag gee dat die dier kommersieel verkoop is en nie weer heringestel kan word as SP dier nie.
- Die koper mag wel die verkoper se toestemming vra om die dier her in te stel, maar slegs met skriftelike toestemming van die verkoper sal dit gedoen word.

20. KOMMERSIËLE TELERS WAT GEREGISTREERDE TELERS WORD

- Die verkoper (vorige eienaar) van die diere, moet toestemming gee dat die diere heringestel mag word.
- Indien diere langer as vyf (5) jaar in 'n kommersiële kudde was, sal die diere nie weer heringestel word as SP diere nie.
- Indien diere kwalifiseer om weer as SP diere heringestel te word, moet die diere deur 'n senior keurder gekeur word.

- Die volledige geboorterekords, DNS verslae, ens. moet voorsien kan word om te verseker dat die diere wel voldoen het aan die vereistes vir SP diere.

21. KANSELLASIE EN HERINSTELLING VAN DIERE

- Diere sal gekanselleer word indien hulle gevrek, gekastreer, gesteriliseer of vir slagdoeleindes verkoop word.
- Die teler moet diere wat aan nie-telers verkoop word, oordra na die koper en moet die volgende inligting voorsien om 'n nie-lid te skep en die diere oor te dra. Inligting : Naam en van van nie-lid, adres en telefoonnommer. Diere moet onder geen omstandighede gekanselleer word nie. Fooie vir die herinstelling van die diere beloop R500 per diere. SA Stamboek sal ook 'n herinstellingsfooi faktureer.
- Diere kan wel weer met toestemming van die Raad heringestel word. Herinstelling van diere beloop R500.00 (BTW uitgesluit) per diere.
- **Moet asseblief nie diere kanselleer voor die fooi van Per Kapita nie. 'n Herinstellingsfooi sal gehef word, sowel as die Per Kapitafooi wat deur SA Stamboek, sowel as die Genootskap gefooi sou word.**

22. OUTOMATIESE KANSELLASIES VAN VROULIKE DIERE

- Wanneer 'n vroulike diere haar OEK (ouderdom eerste kalf) of TKP (tussen kalf periode) oorskry, sal Logix hierdie diere outomaties kanselleer.
- Wanneer by Dierinligting ingegaan word op Logix, sal die boodskap vir die kansellasierede wees : SOC-NOC (Society Non-compliance)
- Indien die teler nagelaat het om 'n geboorte of aborsie aan te meld, kan die inligting deurgestuur word en sal die inligting noteer word. Indien daar dan geen oorskryding is nie, sal die status van die diere weer as geregistreerd reflekteer. **(Neem kennis dat hierdie inligting aan Suzette van Stamboek (suzette@studbook.co.za) gestuur moet word. U sal nie hierdie geboortekennisgewings, ens. self op Logix kan invoer nie.)**

23. GESAMENTLIKE BESIT VAN BULLE

- Indien een of meer telers 'n aandeel besit in 'n bul, moet dit by Stamboek aangeteken word, sodat die nodige notering op die stelsel aangebring kan word. Die volle naam en adres van elke mede-eienaar moet aangeteken word, sowel as die "% aandeel" in die diere.

24. VERVOER VAN DIERE NA KOPERS, VEILINGS, ENS.

Die Genootskap sal telers voorsien van 'n skrywe wat bevestig dat die teler 'n geregistreerde lid is van die Boran Genootskap. Die skrywe mag benodig word wanneer beeste vervoer word om te bewys dat die diere nie gesteel is nie. Die volgende inligting sal bevestig word:

- Die Stoetnaam
 - Lidnommer by die Genootskap
 - Adres van die teler
 - KKM – Brandmerk van die teler
 - **LET WEL : Indien u rekening by die Genootskap nie ten volle vereffen is nie, sal hierdie skrywe nie aan u voorsien word nie.**
- [Sien voorbeeld van skrywe onder Dokumente.](#)**

25. VEILINGS

Geen vroulike diere sal onder beskerming van die Genootskap verkoop word indien die ondergenoemde nie aan voldoen is nie:

- Moeder moet voor die ouderdom 42 maande kalf. **(Behalwe in die geval van Boran Nasionale Veilings. Die vroulike diere moet voor die ouderdom van 39 maande kalf.)**
- Gesertifiseer word deur 'n veearts indien dragtig wanneer ouer as 30 maande.
- Die moeder 'n tussenkalfperiode van 730 dae oorskry nie.

Veilings onder beskerming van die Genootskap : Enkele belangrike vereistes

- Alle veilingsinskrywings moet die Genootskap bereik 28 dae voor die veiling.
- Alle diere moet reeds geïnspekteur wees. Geen inspeksies sal toegelaat word binne die 28 dae periode voor die veiling nie.
- Alle dragtigheide, toetse, inentings en kommentaar moet die inskrywings vergesel. Inligting moet dus volledig voorsien word.
- Telers moet seker maak dat hulle administrasie op datum is. (Byvoorbeeld: alle kalwers moet aangeteken wees.) Geen administrasie wat agterstallig is sal binne die 28 dae periode gedoen word nie.
- Telers moet verseker dat alle diere wat "pending" is weens DNA voor inskrywing van 'n veiling, uitgesorteer is. Diere wat "pending" is mag nie oorgedra word nie en dus sal hierdie inskrywings pertinent geweier word.
- 'n Konsep-katalogus word drie (3) weke voor 'n veiling aan alle telers, wat diere ingeskryf het, uitgestuur. Die nodige wysigings op kommentaar, ens. kan dan reggestel word.
- Twee (2) weke voor die veiling, sal die nodige wysigings in die konsep-katalogus aangebring word, waarna 'n finale katalogus gedruk word. Die finale katalogus sal dan op die webtuiste geplaas word.
- Geen Addendums van diere sal toegelaat word na die finale katalogus gedruk is nie.
- Vendurolle moet volledig van veilingshuis of indien die teler sy eie veiling hanteer, binne twee weke na afloop van die veilingsdatum ontvang word om oordragte van diere te doen.
- **Wanneer telers registreer by die veilings, is dit van kardinale belang dat hulle registreer onder die naam/stoet soos by die Genootskap geregistreer.**
- Oordragte sal aan Stamboek deurgegee word, sodra vendurolle ontvang word vanaf die veilingsmaatskappy.
- Telers moet geen gelde verskuldig wees aan die Boran Genootskap nie.
- Geen oordragsfooie is betaalbaar wanneer diere verkoop word op 'n veiling wat onder die beskerming van die Genootskap aangebied word nie.
- **Indien 'n dragtige vroulike dier verkoop word en die ouerskap na die geboorte van die kalf nie bevestig kan word nie, het die koper die reg om die dier aan die verkoper terug te besorg en die volle prys wat by die veiling betaal is, terug te ontvang. (Enige koste wat die eienaar aangegaan het om DNS-ontleding te laat doen, sal vir die verkoper se rekening wees.)**

SIEN VEILINGSREÛLS VIR VEILINGS ONDER BESKERMING VAN DIE GENOOTSAP. NASIONALE VEILINGSREÛLS HET ANDER VEREISTES WAARAAN VOLDOEN MOET WORD. DIT VOLG NA AFLOOP VAN DIE REÛLS VIR VEILINGS ONDER BESKERMING.

(Sien Reëls onder Dokumentasie)

26. DIERINLIGTING

Dierinligting kan gebruik word om algemene inligting met betrekking tot 'n spesifieke dier te sien. Die volgende inligting kan hier verkry word.

- Dier se ID nommer (brandmerk)
- Rekenaar nommer toegeken deur Logix aan bogenoemde ID nommer
- Geboortedatum van dier sowel as ouderdom in maande

- Status van die dier (SP/C B/A)
- Geregistreerd / Kalfboek / “Pending”/ Gekanselleer / ens.
- Vaar en Moer van die spesifieke dier
- Nageslag, Voorgeslag, Produksie, Produksie Kaart, DNS.
- Teler en alle eienaars in wie se besit die dier was.

27. **PER KAPITALYS**

Die Per Kapitalys is 'n opsomming van alle diere wat in 'n teler se besit is.

Neem kennis dat diere wat op die foutelys verskyn, nie op die Per Kapitalys wees nie. Diere wat gederegistreer/kanselleer is, sal ook nie op die Per Kapitalys verskyn nie.

28. **KRAALLYS**

Die Kraallys is 'n opsommende lys van die kudde. Baie inligting kan met die eerste oog op slag gesien word, byvoorbeeld:

Die Kraallys word in drie kategorië verdeel, naamlik :

1. Dierinligting/Status
2. Produksie en Reproduksie vir Vroulike Diere
3. Produksie vir Manlike Diere

Onderstaande is slegs enkele voorbeelde van wat op die Kraallys verskyn:

- ID nommer, rekenaarnommer en of DNS op die dier gedoen is, asook geneties getoets.
- Dekkingskode, Vaar se ID nommer en Moer se ID nommer.
- Afdeling of status van die dier, byvoorbeeld : SP/C/B/A.
- Ouerskapverifikasie, persentasie inteling.
- Status : Geregistreerd, Kalfboek, Herinstelling tot Kalfboek, “Pending” – hangende registrasie, heringestel tot geregistreerd.
- Geboortedatum van dier.
- Geboortegewig, Speen indeks, 12 Maande indeks, 18 Maande indeks, Laaste dek datum.
- Ouderdom eerste Kalf - natuurlik, Gemiddelde tussenkalfperiode, Dae sedert laaste kalwing.
- Aantal kalwings, Aantal kalwers gespeen.
- Gemiddelde daaglikse toename indeks by manlike diere.

29. **OUERSKAPVERIFIKASIE – SA STAMBOEK**

Ouerskapverifikasietoetse word wêreldwyd deur stamboekorganisasies gebruik (nie omdat telers nie vertrou word nie), maar om te bewys dat die teler se rekords akkuraat is. Ouerskapverifikasie is egter ook 'n vereiste wat die Diereverbeteringswet aan Registrerende owerhede stel.

Prosedures is bepaal waarvolgens sekere kuddes van elke ras jaarliks op 'n ewekansige wyse vir hierdie toetse aangewys word.

Die genomineerde kalwers wat getoets moet word, sal deur SA Stamboek aan u deurgegee word. Beide die vaar en moer moet ook getoets word. Daar is verskeie laboratoriums waarvan u gebruik kan maak en dit word in die skrywe gelys.

Please note: These costs are the responsibility of the Society. You may request the laboratory to send the invoice to the Society.

Vergewis uself van die vereistes wat SA Stamboek daarstel indien van die genomineerde diere dood is, verkoop is, ensovoorts.

Die toetsuitslae moet aan SA Stamboek voorsien word voor die sperdatum deur hulle gestel. Indien u versuim om dit te doen, kan u dienste by Stamboek opgeskort word totdat die toetsuitslae deur u ingedien is.

[Sien meegaande skrywe as voorbeeld ingesluit onder Dokumente.](#)

30. PROSEDURES VIR DIE DNS VAN DIERE : BEVESTIGING VAN VADERSKAP EN MOEDERSKAP EN/OF BEIDE

Neem kennis dat onderstaande die vereistes van UNISTEL is en word dit geplaas om as riglyn te dien. Indien u van 'n ander verskaffer gebruik maak, vergewis uself van hul vereistes.

NEEM VAN HAARMONSTERS VIR DNS TOETSE:

HAARMONSTERS:

Om DNA uit haarmonsters te verkry moet die hare haarwortels hê. Die haarwortels is die wit "geswelde" ent van hare wanneer hare uitgetrek word. Die maklikste en betroubaarste plek om hare te pluk wat haarwortels bevat, is die beesstert.

Die volgende prosedure word gevolg:

1. Nadat die bees vasgekeer is en die stert vrylik hanteer kan word, neem 'n bossie hare (± 30 tot 40) sowat 'n derde vanaf die punt van die stert en vou hulle stewig om die wysvinger.
2. Nadat die bondel styf met die duim vasgeklem is, pluk die bondel vinnig uit.
3. Die bondel kan dan direk in 'n koevert geplaas word, duidelik gemerk met die dier se oornommer/tag/id, en so versend word.
4. Aanvraagvorms moet volledig ingevul word en saam met die haarmonsters ingestuur word.
5. Haarmonsters kan per gesertifiseerde pos of koerier aan die laboratorium versend word.

Die volgende monsters is ook geskik as bron vir DNS toetse:

- Bloed (perspropbuis, Guthriekaart)
- Semen (vars- en gebruikte semenstrooitjie)
- Oorpons vanaf oorplaatjie (in koevert)

Volledige adres van Unistel Geneeskundige Laboratoriums:

Posadres:

Unistel Geneeskundige Laboratoriums
Suite 13
Privaatsak X22
Tygervallei
7536

Fisiese adres:

Unistel Geneeskundige Laboratoriums
Kamer 2139, 2de Vloer

Kliniese Gebou
Fakulteit Gesondheidswetenskappe, Tygerberg Kampus
Universiteit Stellenbosch
Tygerberg
7505

Tel: (++27) 021 9389213/4
Faks: (++27) 021 9320065
e-pos: cattle@unistelmedical.co.za
Webblad: www.unistel.co.za

31. BELANGRIKE ReëLS, RAADSBSLUITEN EN MOSIES GEIMPLEMENTEER:

31.1 AJV : 14 Julie 2023 – Mosie Goedgekeur.

31.1.1 SWART- EN BRINDEL-KLEURIGE BORANE

Vanaf 1 April 2024 sal geen swart (volle swart) of brindel SP diere aanvaar word nie. Swart en Brindel sal op die A tot C diere in die opteel program toegelaat word.

31.2 BORAN NUUSBRIEF 2022

31.2.1 BULLE GEBORE VOOR 31 DESEMBER 2006 – MAG GEREISTREER WORD AS KI-BULLE DEUR DIE GENOOTSAP

Bulle gebore voor 31 Desember 2006, wat nooit gereistree was as KI bulle nie en waarvan semen getap en gevries is, kan aansoek doen by die Genootskap om hierdie bulle te noteer as KI bulle op Logix. Die KI registrasie sal op die stelsel wys as Soc-Reg. Hierdie semen mag verkoop, geskenk, ens. word en sal die geboorte aanmelding van die kalwers gereistree kan word.

31.2.2 HERINSTELLING VAN GEKANSELLEERDE VROULIKE DIERE VIR LANGER AS VYF (5) JAAR

Indien 'n vroulike dier vir langer as vyf (5) jaar gekanselleer was, sal herinstelling nie toegestaan word nie.

31.2.3 RESERVERING VAN U VEILINGSdatum ONDER BESKERMING VAN DIE GENOOTSAP

- Teler is geneig om hul veilingsdatum/veilingsdag/veilingsnaweek elke jaar op dieselfde tyd as die vorige jaar te bevestig. Let wel, indien u die veilingsdatum in twee agtereenvolgende jare nie gebruik om 'n veiling aan te bied nie, die datum verbeur sal word.
- Die veilingsdatum sal ook verbeur word indien die veiling op kort kennisgewing en sonder goeie rede gekanselleer word.
- Die veilingsdatum sonder goeie rede verander word. Die Raad sal by magte wees om 'n boete/fooi oplê vir die teler se rekening.
- Slegs een veiling per provinsie in een spesifieke week, sal toegelaat word.

31.2.4 KRALE VIR DIERE BY DIE NASIONALE VEILINGS

- Indien u as teler twee diere vir die Nasionale Veiling inskryf, maar een of albei diere kan vir watter rede nie meer na die veiling gebring word nie, mag u NIE die leë kraal met u ander kraal verbind om een kraal te vorm nie.
- Die leë kraal mag nie benut word nie en geen bees mag in daardie kraal geplaas word nie.
- Die koste vir die kraal/e sal ook deur u verbeur word.

31.3 BORAN NUUSBRIEWE 2024

31.3.1 BYWOON VAN VEILINGS DEUR CHRISTOPHER HAVENGA

Die toename in veilings onder beskerming van die Genootskap het die Raad gedwing om te herbesin oor Christopher se bywoning.

- Telers moet self verantwoordelikheid aanvaar vir hul eie bemarking van diere voor 'n veiling. Christopher sal wel hulp verleen met bemarking as deel van sy verpligtinge.
- Veilings wat deur Christopher bygewoon word, sal op 'n rotasiebasis hanteer word. Met ander woorde, die veilings wat hy in 2024 bygewoon het, sal nie deur hom tydens 2025 bygewoon word nie. Hy sal wel alle nuwe veilings die eerste jaar bywoon. (Indien moontlik.)
- Twee senior keurders sal wel by elke veiling teenwoordig wees om die "screening" te doen.

31.3.2 VEILINGSKATALOGUS

- Laat indiening van informasie na 28 dae voor die datum van die veiling, sal die teler 'n boete opgelê word teen R500 per lot.
- Inliging vir die katalogus moet 28 dae voor die datum van die veiling ingedien word.
- Indien 'n dier wat reeds ingeskryf is vir 'n veiling, onttrek word en met 'n ander dier vervang word na die sluitingsdatum, 'n fooi van R500 sal gefooi word per lot om administratiewe kostes te dek.
- Telers wat nie gebruik maak van 'n veilingshuis nie, moet die gesondheids- en dragtigheidsertifikate indien by die Genootskap binne 7 dae voor die veilingsdatum.
- Diere wat tydens die veiling afge-"screen" word, mag nie deel vorm van die ander veilingsdiere nie. Hierdie diere moet onmiddellik verwyder en eenkant gehou word.
- Alle vroulike diere wat by die Nasionale Veiling aangebied word, moet 'n TKP (Tussen Kalf Periode) van 500 dae en minder hê.

31.3.3 VERSPREIDING VAN KATALOGUSSE EN BEMARKING VAN VEILINGS

- Indien 'n teler se katalogus gefinaliseer is, dit reeds 3 weke voor die veilingsdatum op sosiale media geplaas mag word. Die veiling en diere mag dan ook bemark word.
- Veilingsreëls MOET in die katalogus ingesluit word.

31.3.4 FINANSIËLE HULP AAN KLUBS, INLIGTINGSDAE EN BOEREDAE

- Die Raad het 'n jaarlikse bedrag van R20 000 per klub bewillig om inligtingsdae, boeredae, ens. aan te bied.
- Ander groepe sal 'n bedrag van R10 000 ontvang. Daar moet sprekers wees wat toesprake lewer relevant tot die ras.
- 'n Aantekenregister moet voltooi word deur persone teenwoordig. Die aantekenregister moet by die Boran kantoor ingedien word tesame met fakture van uitgawes vir verversings, ens.

31.3.5 VERTOON VAN BORANE OP SKOUE

- Neem kennis dat Boran Genootskap nie deelneem aan skoue nie. Borane word wel vertoon op hierdie geleenthede.
- Alle Borane wat op skoue vertoon word, MOET vooraf ge-“screen” en goedgekeur word deur ’n Senior Keurder.

31.3.6 KOMMERSIËLE VERKOPE EN DEREGISTRASIE VAN HIERDIE DIERE

Spekulante koop afgekeurde diere teen kommersiële pryse en bied hulle aan vir herinstelling as SP diere, terwyl die verkoper juis die intensie gehad het om die diere uit die stoetbedryf te verwyder.

Wanneer diere as kommersieël verkoop word en deur die verkoper gederegistreer word op Logix, sal hierdie diere slegs heringestel kan word deur die koper, indien die verkoper toestemming verleen.

31.3.7 PERMANENTE DEREGISTRASIE VAN DIERE SONDER DIE OPSIE VAN HERINSTELLING

’N Kode is geskep wat deur die Genootskap en telers gebruik kan word om diere PERMANENT TE DEREGISTREER, SONDER DIE OPSIE VAN HERINSTELLING. Hierdie kode kan gebruik word wanneer diere as kommersieël verkoop word en nie weer heringestel kan word met ’n SP status nie.

Die kode wat gebruik moet word :CAN/BOR/Kansellasië en mag nie heringestel word nie.

